
**Deur President Thomas S. Monson**



# Staan as ŉ Lig

Ek het die voorreg gehad om al vele kulturele vieringe by te woon, wat gewoonlik saam met ŉ tempel toewyding gepaard gaan. Ek het elkeen van hulle geniet, insluitende die mees onlangste een wat ek in Phoenix, Arizona, VSA, laas November bygewoon het.

Jeug van die Heiliges van die Laaste Dae wat in hierdie kulturele vieringe deel neem, bied wonderlike en gedenkwaardige programme aan. Laas jaar in Phoeniz, net voor die opvoering, het ek die deelnemers toegespreek en aan hulle gesê, "Julle is kinders van lig."

Ek will graag aan al die jeug van die Kerk sê, julle is kinders van lig. En as gevolg hiervan, het julle ŉ verantwoordelikheid om "soos ligte in die wêreld" te wees (Filippense 2:15). Hulle het ŉ plig om die waarhede van die evangelie te deel. Hulle het ŉ roeping om as ŉ tempel baken te staan, om die lig van die evangelie aan ŉ duistere wêreld te weerspieël. Hulle het ŉ plig om hulle lig hoog en helder te laat brand.

Om te verseker dat ons, "ŉ voorbeeld van die gelowiges" is (1 Timotheus 4:12), moet ons self, glo. Ons moet die nodige geloof ontwikkel, om geestelik te oorleef, asook om ŉ lig aan andere te wees. Ons moet ons getuienis versorg en versterk, totdat dit ŉ anker in ons lewens word.

Van die mees effektiefste maniere om die geloof wat ons vandag nodig het, te behou en te versterk, is om die geskrifte te lees en te studeer en om gereëld en opreg te bid. Ek sê aan die jeug van die Kerk, indien julle dit nie doen nie, ontwikkel nou die gewoonte van daaglikse studie van die geskrifte en gebed. Sonder hierdie twee noodsaaklike praktyke, kan invloede van buite en die dikwels, harde realiteite van die lewe, julle lig verswak of selfs heeltemal doodblaas.

Die tiener jare is nie maklik nie. Hulle is die vernaamste jare wanneer Satan jou sal tempteer en sy beste sal probeer om jou van die pad af weg te lok, wat jou na jou hemelse tuiste sal terug lei. Maar soos wat jy lees en bid, en soos wat jy andere dien en gehoorsaam is, sal jy " die lig wat in die duisternis skyn" beter verstaan, (L&V 6:21) selfs, ons Voorbeeld en ons krag—naamlik, die Here, Jesus Christus. Hy is die Lig wat ons omhoog moet hou, om die naderende duisternis te verdryf (sien 3 Nefi 18:24).

Met ŉ sterk getuienis van die Verlosser en Sy gerestoureerde evangelie, het julle onbeperkte geleenthede om julle lig te skyn. Hulle omsingel julle elke dag, ten spyte van enige omstandighede waaarin, julle julself in mag bevind. Soos wat julle die voorbeeld van die Verlosser volg, sal julle die geleenthede hê om ŉ waarlike lig, in die lewens van diegene om julle, te wees dalk lede van julle families, klasmaats, mede werkers, kennise of selfs vreemdelinge.

Wanneer jy ŉ lig aan die wêreld is, voel die mense om jou, ŉ spesiale gees, wat hulle sal help om met jou te assosieër en om jou voorbeeld te volg.

Ek pleit met ouers en leiers van ons jeug, om hulle te help om sterk te staan vir waarheid en geregtigheid. Help hulle om die paaie van studie en verstandigheid, asook van diens in die koninkryk van God te sien, en om hierdie hekke vir hulle, wyd oop te maak. Help hulle om in hulself, die krag op te bou om die versoekinge van die wêreld te weerstaan. Gee aan hulle die moed om met geloof en reinheid te loop, om altyd te bid, en om na die hemel te kyk, as hulle ewigdurende anker.

Aan ons jeug sê ek, ons Hemelse Vader het julle lief. Mag julle ook die liefde wat julle Kerk leiers vir julle het, aanvoel. Mag julle altyd 'n begeerte hê om julle Hemelse Vader en Sy Seun te dien. En mag julle altyd in waarheid wandel en as 'n lig aan die kinders van God staan.

### ONDERRIG UIT HIERDIE BOODSKAP

Bespreek met diegene wie julle leer, wat dit beteken om 'n "[kind] van lig" te wees. Watter verantwoordelikhede behels dit? Julle kan tye bespreek, toe hulle lig veral helder was, en wat dit helder gemaak het. Vra hulle om aan 'n spesifieke persoon te dink, soos 'n jeug, 'n mede werker, of 'n lid van hulle familie, wie dalk 'n bietjie lig mag nodig hê. Julle kan dan saam bid, oor hoe om lig met daardie persoon te deel.

© 2015 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/15. Vertalings goedkeuring: 6/15. Vertaling van *First Presidency Message, August 2015*. Afrikaans. 12588 501

## JEUG

### Baken van Lig

President Monson leer, dat die jeug van die Kerk, 'n "roeping het om as 'n tempel baken, te staan, om die evangelie lig aan 'n duistere wêreld te weerspieël." Hy gee 'n paar voorstelle van hoe julle dit kan doen:

Deel die evangelie
Glo
Ontwikkel geloof
Wees 'n lig aan andere
Voed en versorg jou getuienis, tot dat dit 'n anker in jou lewe word
Lees en studeer die geskrifte
Bid gereëld en opreg
Diens
Gehoorsaamheid

Bepaal jou vordering vanaf 1 tot 5 in elkeen van hierdie areas. Vir areas met 'n laer getal, mag jy dalk hierdie onderwerpe in die geskrifte wil studeer, of navors hulle op LDS.org. Nadat jy hierdie onderwerpe bestudeer het, dink aan maniere hoe jy hierdie areas kan versterk en stel dan doele om dit te bereik.

## KINDERS

### Laat Jou Lig Skyn

As 'n kind van God, is jy 'n kind van lig. Jy kan meer lig ontwikkel, deur die voorbeeld van ons Verlosser, Jesus Christus te volg. Jesus Christus en Hemelse Vader het jou lief en wil hê dat jy vir andere moet skyn en hulle na Christus toe sal lei. Jy kan skyn deur net jouself te wees, soos wat jy die gebooie onderhou, bid en die geskrifte lees. Teken 'n paar sterre op 'n stukkie papier en skryf ideës op hulle neer, van hoe jy as 'n voorbeeld van Jesus Christus, vir andere kan skyn (byvoorbeeld "gaan kerk toe" of "help my familie").

# Goddelike Eienskappe van Jesus Christus: Ootmoedig en Nederig

Geloof, Familie, Verligting

*Bestudeer hierdie materiaal biddend en vra om te weet wat om te deel. Hoe sal ŉ begrip van die lewe en missie van die Verlosser jou geloof in Hom vermeerder en diegene seën oor wie jy as vroue besoeker, waak? Vir meer inligting, gaan na* ***reliefsociety.lds.org.***

*Dit is deel van ŉ reeks Vroue Besoek Boodskappe wat eienskappe van die Verlosser bevat.*

Jesus het gesê, "Maar die oudste onder julle moet word soos die jongste; en wie ŉ leier is, soos een wat dien. Want wie is groter: die een wat aan tafel is, of die een wat dien? Is dit nie hy wat aan tafel is nie? maar Ek is onder julle soos een wat dien" (Lukas 22:26–27).

"Die Verlosser is ons volmaakte voorbeeld van die krag van nederigheid en onderdanigheid. Hy het nietemin, Sy wil aan die wil van Sy Vader opgegee en die grootste en mees kragtigste gebeurtenis in alle geskiedenis te weeg gebring. Van die mees heiligste van alle woorde in die geskrifte is eenvoudig, 'nie my wil nie, maar U wil geskied'(Lukas 22:42)."[1]

As dissipels van Jesus Christus, probeer ons om altyd soos Hy te wees. Ouderling Ulisses Soares van die Sewentigs het gesê, "Ootmoedigheid is noodsaaklik vir ons, om meer Christelik te word". Daar sonder sal ons nie ander belangrike eienskappe kan ontwikkel nie. Om ootmoedig te wees beteken nie om swak te wees nie, maar dit beteken om met goedheid en sagmoedigheid op te tree, en om moed, vrede, ŉ gesonde selfversekerheid en self dissipline te besit.[2] Soos ons daaraan werk om hierdie eienskap te ontwikkel, sal ons vind dat "om ons self in nederigheid tot die wil van die Vader te onderwerp, ons in staat sal stel om God se krag aan te voel—die krag van nederigheid. Dit is die krag wat ons in staat stel om die beproewinge van die lewe te oorkom, die krag van hoop, die krag van ŉ getuienis en ŉ hart kloppend vol liefde vir die Verlosser, Jesus Christus, selfs die krag van verlossing.[3]

### *Addisionele Skrifgedeeltes*

Matthéüs 26:39; Johannes 5:30; Mosia 3:19; Helaman 3:35

### *Uit die Skrifture*

Een van die mooiste en mees kragtigste oomblikke in Christus se bediening, was toe Hy die voete van Sy dissipels gewas het. "Hy het van die maaltyd opgestaan en sy bo-klere uitgetrek en ŉ doek geneem en dit om Hom vas gebind. Daarna het Hy water in ŉ bak gegooi en die voete van die dissipels begin was en afdroog met die doek wat Hy omgehad het" (Johannes 13:4–5).

Terwyl die Verlosser hierdie ordinansie ingestel het, mag die dissipels dalk ongemaklik gevoel het toe hul Heer en Meester voor hulle gekniel het om so ŉ nederige diens aan hulle te lewer. Jesus het toe aan hulle die les verduidelik, wat Hy aan hulle en ook aan ons wil leer:

"As Ek dan, die Here en Meester, julle voete gewas het, is julle ook verplig om mekaar se voete te was.

"Want Ek het julle ŉ voorbeeld gegee om, net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen" (Johannes 13:14–15).

**NOTAS**

1. Richard C. Edgley, "Die Krag van Nederigheid," *Liahona,* Nov. 2003, 99.
2. Ulisses Soares, "Wees Ootmoedig en Nederig van Hart," *Liahona,* Nov. 2013, 9.
3. Richard C. Edgley, "Die Krag van Nederigheid," 99.

### *Ter Oorweging*

Hoe kan nederigheid ons help om soos die Verlosser lief te hê?

© 2015 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/15. Vertalings goedkeuring: 6/15. Vertaling van *Visiting Teaching Message, August 2015.* Afrikaans. 12588 501